STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

# Inleidende opmerkings

Marius Crous

Redakteur

Dié uitgawe van *Stilet* is eintlik ’n dubbeldoor, want dit bevat albei uitgawes vir 2025. Die doel met hierdie uitgawe was om Peter Blum (1925-1990) se honderdste verjaardag te gedenk. In haar bydrae skryf Johanna Gouws byvoorbeeld uitgebreid oor Blum se eiesoortige neologismes en woordspel. Joan Hambidge se bydrae is ’n gedig oor Peter Blum.

Diegene wat al Peter Blum se briewe (danksy Kannemeyer) gelees het, weet dat hy satiries-krities was oor die Afrikaanse letterkunde. Dit is altyd interessant om sy siening om te weeg teen die huidige toedrag van sake. In ’n brief aan Jan Rabie merk hy op:

Die Afrikaans-skrywery is darem ’n mug’s game – jy’s afhanklik v/d goeie wil en goeie smaak v 3-4 mense. Met sy klein oplaes en stygende koste gaan die hele Af.Lit binne 10 jaar verdwyn.” (Kannemeyer, 2008:175).

Hy vra ook aan Rabie:

Hoe voel jy oor die toekoms v/d skrywer? Wees eerlik nou. Ek dink die boek gaan oor 20 jaar aan die argeologie behoort, en bib’eke museums wees. Te veel mense, te min grondstowwe. Ek voel ons het almal ons beste dae gesien. […] En jy? jy skrywe maar lustig voort? sien kans vir die Panthéon?” (Kannemeyer, 2008:175).

Sommige dae, wanneer ’n mens met studente te doen kry wat nie Afrikaanse boeke lees nie en wanneer die getalle aansienlik krimp, dan wonder jy of Blum nie al die tyd ’n tipe Nostradamus-figuur was nie? Maar dan verras ’n klein gideonsbende van tien studente my wanneer hulle entoesiasties raak oor *Sewe Dae by die Silbersteins* en met nuwe insigte vorendag kom.

Die verskeidenheid van onderwerpe wat tydens die ALV-kongres in Bloemfontein in referate behandel is, gee ’n mens hoop vir die toekoms.

Nuut in die huidige uitgawe is die insluiting van prosatekste van Jaco Fouché in *Stilus.* In die resensieafdeling word Danie Marais se bekroonde digbundel *Ek en jy bestaan nie* asook Jaco Barnard-Naudé se Ingrid Jonker pryswenner. Reinhardt Fourie fokus op Etienne van Heerden se *Gebeente.*